

Maandag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 4:1-13

Fokusgedeelte: Spreuke 4:13 (1933/53-vertaling)

Tug is jou lewe

Tug en die opvoeding wat ouers aan hulle kinders gee, loop hand aan hand. Dit leer vir ons wat reg en verkeerd is. Dit gee vir ons 'n kompas om nie op die lewenspad te verdwaal nie. Dit wil ons beskerm teen die slegte gevolge wanneer 'n mens wel die pad byster raak. Ons word deur tug en opvoeding toegerus vir die lewe. Ons leer daardeur wat ware wysheid is, naamlik om God te dien. Dit leer ons om aan God gehoorsaam te wees.

Christelike tug en opvoeding leer jou om jou eie sonde te erken en te bely, en jou as gevolg daarvan voor God te verootmoedig. Dit verkondig aan jou dat jy God se belofte moet glo dat al jou sondes vergewe is, omdat Jesus Christus in jou plek daarvoor betaal het. Dit vra van jou om met jou hele lewe vir God dankie te sê hiervoor en daarom opreg voor Hom te lewe. So leer jy om jou lewe buite jouself in Christus te soek en in hierdie gesindheid nagmaal te gebruik.

Dit is belangrik dat jy vashou aan die tug en die opvoeding wat jy by jou ouers gekry het, want dit is goed vir jou. Dit is jou lewe! Die Heilige Gees stel jou in staat om hieraan vas te hou. Hy doen dit deur die Wet van die Here op die tafels van jou hart te skrywe.

Sing: Psalm 119-1:1, 7

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)